AFR. GR 8

Downloaded from Stanmorephysics.com

*Gekruiste lyne*

*Oorvertel deur Sonia Gouws en Mari Latti*

**Karakters**

Die verteller
Mevrou Green (in **rolstoel)**
Die eerste man
Die tweede man (James)
Sersant Peach (polisieman)

Verteller: Dis Donderdagaand. Mevrou Green, 'n **invalide,** is alleen by die huis omdat haar man laat werk en haar **verpleegster** vroeg huis toe is. Sy is 'n moeilike, **selfsugtige** en **senuweeagtige** mens.

*Mevrou Green bel haar man by sy kantoor.*

*Die nommer met sewe syfers word op die telefoon geskakel. Die besettoon is hoorbaar.*

Mev. Green: Ag nee !

Verteller: Sy gooi die **gehoorstuk** neer en skakel weer die nommer. Dis nog steeds **beset.**

*Besettoon.*

Verteller: Sy skakel weer. Die telefoon maak 'n snaakse geluid.

*Geluid uit foon: Eeeekl*

Verteller: Skielik hoor sy twee mans praat. Dis 'n **gekruiste lyn.**
Eerste man: Hallo.
Mev. Green: (*verbaas*) Hallo ! Is mnr. Green daar? Mag ek met mnr. Green praat, asseblief?
Verteller: Die mans kan haar glad nie hoor nie. Die lyn is **onduidelik.**
Eerste man: Hallo! Hallo!
Tweede man: *(praat stadig met 'n vreemde aksent)* Hallo.
Eerste man: O, hallo ... James?
Tweede man: Ja, Meneer.
Mev. Green: Hallo, wat gaan hier aan? Kan julle my nie hoor nie? Kan ek met my man praat, asseblief?
Eerste man: James, is jy gereed vir vanaand?
Tweede Man: Ja, Meneer.
Eerste man: Waar is jy nou?
Tweede man: In 'n telefoonhokkie, Meneer.

Downloaded from Stanmorephysics.com

Eerste man: Goed, jy ken die adres. **Op die kop** elfuur gaan die **veiligheidswag** in die omgewing by die polisiekantoor in Tweede Laan verslag doen. Hy is weer om halftwaalf op sy pos. Jy moenie tyd mors nie, jy het net 'n halfuur. Onthou, om kwart oor elf ry die trein oor die brug. Dit maak 'n groot lawaai ingeval die venster oop is en sy sou skree.

Mev. Green: (*geskok*) O nee! Hallo? Watter nommer is dit? Asseblief! Ek het 'n gekruiste lyn. Kan julle my nie hoor nie?

Tweede Man: Goed, ek verstaan, Meneer.

Eerste Man: Jy moet gou speel – so min bloed as moontlik! Sy moenie ly nie. En onthou om al haar ringe en juwele te vat. Dit moet na roof lyk.

Verteller: Skielik is daar 'n klikgeluid en stilte.

Mev. Green: Ek is afgesny. Hallo? Hallo?

Verteller: Sy pluk die **telefoongids** en soek die polisie se nommer en skakel dit senuweeagtig.

*Sewe nommers word op die telefoon geskakel.*

Mev. Green: Hallo? Is dit die polisiekantoor?

Sers. Peach: Ja, Mevrou, Sersant Peach hier. Kan ek help?

Mev Green: (*histeries*) Sersant, ek het my man probeer bel by 714-5598, maar die lyne het gekruis. Ek het na die verkeerde nommer deurgekom. Ek ... ek .... het nou net die vreeslikste ding gehoor ... 'n ... moord en ... 'n ...'n...

Sers. Peach: Verskoon tog, mevrou, ek verstaan nie mooi nie.

Mev Green: Ek het na 'n verkeerde nommer deurgekom. Ek weet ek het geen reg gehad om hulle af te luister nie, maar hierdie twee mense ... hulle is moordenaars. Hulle gaan 'n **onskuldige** vrou wat alleen is en naby 'n brug woon, vermoor. Ons moet hulle keer! Ons moet!

Sers. Peach: (*geduldig*) Mevrou, se net eers vir my wat u naam en adres is.

Mev. Green: Ek is mevrou Green. Mevrou Green van Surreyweg 35, Groenvallei.

Sers. Peach: En u wil 'n moord rapporteer?

Mev. Green: Ja! Ja! Maar die moord is nog nie gepleeg nie. Ek het net 'n gesprek oor die telefoon gehoor - dit was die verkeerde nommer.

Sers. Peach: (*half ongeduldig*) Ja, Mevrou?

Mev.Green: Dit was 'n **volmaak** beplande moord. Ek het hulle planne gehoor. Twee mans het gepraat. Die een gaan vanaand om kwart oor elf 'n vrou vermoor. Sy woon in 'n huis naby 'n brug.

Sers. Peach: Ja, Mevrou?

Mev Green: Hulle het gepraat van 'n veiligheidswag wat om elfuur na die polisiekantoor toe gaan om te gaan verslag doen. Dis êrens in Tweede Laan. Hulle gaan haar ringe en juwele vat sodat dit na diefstal lyk. Dit het my verskriklik geskok, ek is nie gesond nie...

Sers. Peach: Goed, Mevrou, ek sal die saak ondersoek. Hoe sê u, waar woon u?

Downloaded from Stanmorephysics.com

Mev. Green: In Surreyweg, nommer 35. Dis in Groenvallei, naby 'n brug. Weet u, ons het ook 'n veiligheidswag in ons straat - en ons polisiekantoor is ook in Tweede Laan. Sersant... my man werk vanaand laat. Ek is 'n invalide, en die verpleegster is vroeg huis toe. Ek haat dit om alleen te wees in hierdie groot **dubbelverdieping** - ek wou hom bel om te sê hy moet huis toe kom.

Sers.Peach: Goed, goed mevrou Green. Ons sal kyk wat ons kan doen, maar ons is vanaand baie besig.

Mev. Green: (*ontsteld*) Maar Sersant, julle moet onmiddellik kom.

Sers. Peach: Ons sal sien wat ons kan doen, Mevrou.

Mev. Green: (*bekommerd)* Maar dis al tien oor elf. Julle moet net iets doen!

Verteller: Skielik hoor sy die geluid van 'n gehoorstuk wat opgelig word. Sy weet dat dit die ander telefoon in haar huis is.

Mev. Green: Wat is dit?

Sers. Peach: Wat is wat, Mevrou?

Mev. Green: Daardie klikgeluid in my eie telefoon. Ek het gedink Iemand het die foon onder in die huis opgetel.

Sers. Peach: Ek het dit nie gehoor nie. Nou, in verband met die ...

Mev. Green: Maar ék het! Daar is iemand in my huis. Iemand onder in die kombuis. En hy luister nou na my!

Verteller: Sy sit die telefoon neer en fluister-praat met haarself.

Mev. Green: Ek sal nie weer bel nie. Ek sal stilbly. En hy sal dink ... (*klink bang*) Maar as ek nie nou iemand bel nie...

Verteller: Sy bel weer die polisiekantoor.

*Die geluid van die telefoon wat aan die ander kant lui.*

Verteller: Die geluid van 'n aankomende trein is nou hoorbaar en word al harder. Mev. Green se gil is byna onhoorbaar..

*Die geluid van die trein begin sag en word al hoe harder.*

Mev Green: *(*begin skreeu, maar die geluid van die trein oordonder haar stem*)*

Verteller*:* 'n Paar sekondes lank word net die geluid van die trein gehoor. Daarna sterf dit weer weg. Toe dit stiller word, lui die telefoon in die polisiekantoor nog steeds.

*Byklanke: Die geluid van die trein word al sagter. Dit word doodstil. Die geluid van die telefoon wat lui, is weer hoorbaar:*

Sers Peach: Polisiekantoor. Sersant Peach hier, (*pouse*) Polisikantoor, Sersant Peach wat praat.

Downloaded from Stanmorephysics.com

Tweede Man: Jammer, verkeerde nommer.
Verteller: En hy sit die gehoorstuk neer.
(*klikgeluid*)

**Woordeboek**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **beset** | engaged | **op die kop** | on the dot, sharp |
| **besettoon** | engaged tone | **rolstoel** | wheelchair |
| **dubbelverdieping** | double storey | **selfsugtige** | selfish |
| **gehoorstuk** | telephone receiver | **senuweeagtige** | nervous |
| **gekruiste lyn** | crossed line | **telefoongids** | phone book |
| **invalide** | invalid, disabled person | **veiligheidswag** | security guard |
| **onduidelik** | unclear, faint | **verpleegster** | nurse |
| **onskuldige** | Innocent | **volmaak** | perfect/perfectly |

**VRAE**

1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1 D

*Gekruiste lyne is 'n ............................*

A gedig
B drama
C. kortverhaal
D. roman

2 Noem al die karakters in die drama wat praat.
3 Watter **twee woorde** in die drama beskryf mev. Green se karakter die beste.
4 Waar speel die drama oral af? (Plekke)
5 Wanneer speel die drama af? (Tyd)
6 Waarom was mev. Green alleen tuis?
7 Wat is mnr. Green se werkstelefoonnommer?
8 Waarom het mev. Green haar man gebel?
9 Waar was James toe sy maat (die eerste man) hom gebel het?
10 Wat sal die veiligheidswag presies om elfuur doen?
11 Hoe laat ry die trein oor die brug?
12 Waarom moet James "haar" ringe en juwele vat?
13 Met wie het mev. Green in die polisiestasie gepraat?
14 Waarom het sy die polisiestasie gebel?
15 Wat het mev. Green gehoor terwyl sy met die sersant gepraat het?
16 Waarvan het die klikgeluid gekom?
17 Waarom was mev. Green se gil onhoorbaar?
18 Wat, dink jy, het met mev. Green gebeur? Kies die regte antwoord. (Sy is gered./Sy is vermoor).